(a) Lopende uitgawe van persone en nie-wins-soekende organisasies .....	504	648	715	774	822	832	975	1,057
(b) Lopende uitgawe van owerheidsliggame en bestaansbeveiligingsfondse .....	129	109	116	125	134	157	183	200
(c) Bruto binnelandse kapitaalvorming .....	214	252	278	240	231	399	294	377
(d) Bruto binnelandse uitgawe [(a) + (b) + (c)] .....	847	1,009	1,109	1,139	1,187	1,388	1,452	1,634
(e) Balans in lopende rekening .....	-65	-156	-178	-118	-9	-115	-74	-71
(f) Bruto volksuitgawe teen markpryse .....	782	853	931	1,021	1,178	1,273	1,378	1,563

1. Alle syfers wat in hierdie oorsig bespreek word, is in heersende geldwaardes uitgedruk en maak gevoglik geen voorsiening vir verandering in prys nie. Vooras nog is daar nie voldoende prys- en volumegegewens beskikbaar om bevredigende skattings van die afsonderlike poste in terme van konstante prys te maak nie. Ten einde die uitgawegergewens in beter perspektief te sien, moet dit egter in gedagte gehou word dat die Unie se kleinhandelsprysindeks met 43,5 persent, en die groothandelsprysindeks (alle goedere) met 67,2 persent gedurende die agjaar-tydperk, 1946-53, toegeneem het.

2. Die rede waarom die balans in lopende rekening 'n integrale deel van die bruto volksuitgawe uitmaak is dat die waarde van goedere en dienste in die Unie verkoop die waarde van ingevoerde goedere en dienste insluit, en tot hierdie mate het binnelandse uitgawe 'n verhoging van die inkome in die buiteland, en nie in die Unie nie, tot gevolg. Om volksuitgawe en volksproduksie te laat klop moet die waarde van lopende sigbare en onsigbare invoere gevoglik van die binnelandse bestedings van die Unie se inwoners afgetrek word. Die verkoop van Unie-goedere en -dienste in die buiteland is, op sy beurt, 'n inkomstebron vir die Unie, sodat die waarde van sigbare en onsigbare uitvoere by die totale bestedings van Unie-inwoners getel moet word.

**B. Persentasieverdeling**

	1946	1947	1948	1949	1950	1951	1952	1953
(a) Lopende uitgawe van persone en nie-wins-soekende organisasies	64.4	76.0	76.8	75.8	69.8	65.4	70.8	67.6
(b) Lopende uitgawe van owerheidsliggame en bestaansbeveiligingsfondse	16.5	12.8	12.4	12.2	11.4	12.3	13.3	12.8
(c) Bruto binnelandse kapitaalvorming	27.4	29.5	29.9	23.5	19.6	31.3	21.3	24.1
(d) Bruto binnelandse uitgawe [(a) + (b) + (c)]	108.3	118.3	119.1	111.5	100.8	109.0	105.4	104.5
(e) Balans in lopende rekening	—8.3	—18.3	—19.1	—11.5	—0.8	—9.0	—5.4	—4.5
(f) Bruto volksuitgawe teen markpryse	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0

Uit die tabel blyk dat die sterk opwaartse neiging in bruto volksuitgawe gedurende die tydperk 1946-53 saamgeval het met ingrypende veranderings in die onderlinge verhouding tussen die vernaamste bestanddele van die volksuitgawe. In die eerste paar na-oorlogse jare was verbruikers en ondernemers vir 'n ongekende toename in binnelandse besteding verantwoordelik vanweë hul pogings om te vergoed vir die tekort aan verbruiks- en kapitaalgoedere wat in die oorlog ontstaan het, en die uitvloeisel hiervan was dat binnelandse uitgawe, d.w.s. die gesamentlike aankope van verbruikers, openbare owerhede en ondernemers, veel groter as die lopende volksproduksie geword het. Ten spyte van die swaar eise wat hierdie rekordbestedings aan die stabilitet van die landsekonomie gestel het, toon die beskikbare gegewens dat dit eers gedurende die jaar 1949 was dat 'n dalende neiging ingetree het in die koers van die Unie se „oorbesteding", d.w.s. in die oorskryding van bruto volksuitgawe deur totale binnelandse besteding.

Die jaar 1949 word gevvolglik gekenmerk deur die oorgang na 'n nuwe fase in die Unie se naoorlogse ontwikkeling, aangesien verskeie regeringsmaatreëls, soos invoerbeheer, kredietbeperking en belastingbeleid, wat bedoel was om uitgawes in oorsese en plaaslike marke te beperk, nou begin om hul invloed te laat geld. Die syfers van tabel I dui daarop dat hierdie korrektiewe stappe daarin geslaag het om 'n toestand van benaderde ewewig tussen vraag en aanbod, altans oor die korttermyn, gedurende die laaste vier jare van die tydperk onder bespreking, d.w.s. van 1950 tot 1953, te bewerkstellig.

Ten einde die invloed van, eerstens, die afwesigheid, en, tweedens, die aanwesigheid van amptelike beheermaatreëls op die volksuitgawe te illustreer, kan die na-oorlogse tydperk in twee sub-periodes ingedeel word, naamlik 1946-49 en 1950-53.

**VOLKSUITGAWE, 1946-49**

Die bestaan gedurende die tydperk 1946-49 van die reedsnoemde verwantskap tussen 'n toename van die Unie se volksinkome, aan die een kant, en die addisionele vraag na ingevoerde goedere en

dienste, aan die ander kant, word gestaaf deur die feit dat die toename van £149 miljoen in die volksinkome, wat tussen 1946 en 1948 voorgekom het, saamgeval het met 'n toename van £138 miljoen in die totale invoere van koopware gedurende die betrokke tydperk.

Soos aangetoon deur tabel I, was die belangrikste faktor wat tot die styging in die binnelandse uitgawe en gevvolglik van invoere bygedra het, die feit dat daar gelykydig 'n grootskaalse uitbreiding in die uitgawes op kapitaal- sowel as verbruiksgoedere plaasgevind het. Kapitaaluitgawe gedurende 1947 en 1948 het 'n groter gedeelte van die Unie se beperkte hulpbronne in beslag geneem as gedurende enige vorige tydperk waarvoor syfers beskikbaar is,<sup>3</sup> maar vanweë die destydse neiging by verbruikers om in hulle persoonlike begrotings die klem op die bevrediging van hulle onmiddellike behoeftes te laat val, was die toevoegings tot totale persoonlike besparing in daardie stadium onbeduidend. So, byvoorbeeld, het bruto binnelandse kapitaalvorming gedurende die jare onder bespreking ongeveer 30 persent van bruto volksproduksie of -uitgawe beloop, terwyl die gesamentlike binnelandse besparing van die private en openbare sektore in die Unie se ekonomiese stelsel slegs 11 persent van bruto volksproduksie bedra het.<sup>4</sup> As gevolg van hierdie verskil tussen die relatiewe grootte van binnelandse kapitaalvorming en plaaslike besparing, moes die Unie in 'n ruim mate gebruik maak van fondse wat van die „buitelandse sektor" verkry is, d.w.s. kapitaalovloei vanaf die buiteland en realisering van goud- en valutareserwes wat gedurende die oorlogsjare opgehoop het, om vir die grootliks vermeerderde volume van goedere wat benodig was om te voorsien in die gesamentlike vraag van verbruikers, ondernemers en openbare owerhede, te betaal.

Om die invloed van hierdie neiging in die Unie se volksuitgawe op die volkshuishouding te kan

3. D.w.s. vir die voor-oorlogse tydperk, 1918-39. Gedurende die oorlogsjare 1939-45, het die verhouding van kapitaalvorming tot bruto volksproduksie 'n baie lae peil bereik.

4. Private besparings het 3 persent van bruto volksuitgawe bedra.

bepaal, is dit nodig om kennis te neem van die feit dat kapitaalvorming of -uitgawe, hoewel dit tot die totale inkomes verdien tydens die oprigting van die skemas bydra, nie tot die beskikbare voorraad verbruiksgoedere bydra nie. wat dus onderhewig is aan addisionele druk as gevolg van die vraag van diégene wat in die kapitaalgoederesektor van die ekonomiese stelsel werkzaam is; ook dra dit nie in die korttermyn by tot 'n vermeerdering in die voorsiening van uitvoergoedere nie, sodat dit nie langs dié weg kan help met die betaling vir die addisionele invoere wat deur die uitbreiding in die totale vraag gestimuleer word nie. Weliswaar was daar destyds min geleentheid vir 'n uitbreiding in die volume van die uitvoerproduksie ten gevolge van die toestand van volle indiensneming, wat kenmerkend van die Unie se ekonomiese lewe was. Gevolglik moes die uitvoerindustrieë met ander industrieë meeding vir die beperkte hoeveelheid beskikbare hulpbronne, en bowendien is hul uitvoerpogings deur knelpunte in die land se vervoer- en hawefasiliteite gestrem.

Die erns van die onnewigtheid in die Unie se betalingsbalans wat deur bestaande neigings in binnekantse uitgawe veroorsaak is, word weerspieël in die buitengewone groot negatiewe syfers wat onder die opskrif „Balans in lopende rekening“ in tabel I aangegee word.<sup>5</sup> Hiervolgens is bykans een-vyfde van die Unie se lopende uitgawe gedurende 1947 en 1948 met behulp van die „buitelandse sektor“ gefinansier, maar gedurende die laaste gedeelte van hierdie tydperk het die lae peil van die land se internasionale reserwes, asook die afname in die toevloei van kapitaal vanaf die buiteland, die regering gedwing om die korrektiewe maatreëls wat vroeër genoem is, aan te neem. Die uitwerking van hierdie maatreëls op volksuitgawe word in die volgende afdeling bespreek.

#### UITGAWES GEDURENDE DIE TYDPERK 1950-53

Die gegewens in tabel I toon tot watter mate die verskillende regeringsmaatreëls beperkings op die verdere uitbreiding van binnekantse uitgawe gelê het. Die mees drastiese afname is waarneembaar in die geval van die balans in lopende rekening, alhoewel 'n groot toename in hierdie pos weer in 1951 voorgekom het as 'n gevolg van 'n verslapping van invoerbeheer in daardie jaar. As gevolg van dié verslapping, het bruto kapitaalvorming sy hoogste na-oorlogse peil, beide in absolute en relatiewe terme, bereik, en uit die syfers t.o.v. die bestanddele van totale kapitaalvorming blyk dit dat dit die groot positiewe verandering was in die Unie se voorraadsbesit, wat skerp in die twee vorige jare gedaal het,

5. Selfs groter lopende tekorte word in die geval van Suid-Rhodesië gedurende die jare van buitengewone groot binnekantse uitgawe, t.w. 1951 en 1952, aangetref. Die balans in lopende rekening het naamlik 46 en 31 persent, onder-skeidelik, van die netto volksproduksie teen markpryse bedra.

wat vir die totale toename in kapitaalvorming verantwoordelik was.

'n Vergelyking van die relatiewe belangrikheid van die verskillende onderdele van die volksuitgawe gedurende die twee sub-periodes toon dat die proporsionele aandeel van persoonlike verbruik in die bruto volksuitgawe van 73.3 persent, in die vroeëre, tot 68.4 persent, in die latere tydperk afgeneem het, terwyl die ooreenstemmende verandering in die geval van bruto kapitaalvorming vanaf 27.6 persent na 24.1 persent was. Hierdie twee poste was derhalwe vir nie minder as 100.9 persent van die bruto volksuitgawe gedurende die tydperk 1946-49, verantwoordelik nie, teenoor 92.5 persent gedurende 1950-53. Aan die ander kant toon die persentasie-aandeel van lopende regeringsbesteding in die volksuitgawe min verandering; die betrokke syfers is naamlik 13.0 persent in die eerste, en 12.5 persent in die tweede tydperk, maar alhoewel dit die indruk skep dat die openbare sektor, as 'n besteder van die volksinkome, 'n min of meer neutrale rol gespeel het, moet dit in gedagte gehou word dat die regering 'n belangrike invloed op die omvang van die uitgawe van die private sektor deur middel van die beheerraatreëls waarna hierbo verwys is, uitgeoefen het.

'n Aanduiding van die invloed van invoerbeheer op die verhouding van invoere van koopware tot bruto volksuitgawe in die twee sub-periodes word deur die volgende tabel aangetoon.

Tabel II.

#### Verhouding van Invoere tot Bruto Volksuitgawe

Jaar	Persentasie	Jaar	Persentasie
1946	28	1950	26
1947	35	1951	37
1948	38	1952	30
1949	31	1953	27
Gemiddelde, 1946-49	33	Gemiddelde, 1950-53	30

Dit sal opgemerk word dat invoerbeheer nie tot 'n groot afname in die gemiddelde verhouding van invoere tot bruto volksuitgawe gedurende die twee sub-periodes gelei het nie, maar hiervan moet nie afgeli word dat invoerbeheer weinig invloed op die besteding van die volksinkome gehad het nie aangesien een van die belangrike oorwegings by die instelling van invoerbeheer was om te voorkom dat 'n toename in die volksinkome op sy beurt daartoe sou lei dat meer ingevoer word. Dat invoerbeheer in hierdie doel geslaag het word aangetoon deur die relatiewe klein styging van £110 miljoen in die peil van invoere van koopware, tussen 1950 en 1953, vergeleke met 'n toename van nie minder as £542 miljoen in die Unie se volksproduksie of -inkome nie. Hierdie toedrag van sake was 'n verskillend van die neiging wat in die tydperk voor invoerbeheer ingestel is, opgemerk is, toe, soos hierbo genoem, die toename in die volksinkome ongeveer

gelyk was aan die absolute toename in die waarde van invoere.

Die jaar-tot-jaar veranderings in die waarde van invoere en van bruto volksproduksie of -inkome vir elk van die ag jare vir die tydperk 1946-53 word in tabel III gegee, en hieruit blyk dat die verhouding tussen hierdie twee groothede heeltemal verskillend was gedurende die 1950-53 sub-periode, toe invoerbeheer in volle werking was.

**Tabel III.**

**Jaar-tot-jaar Veranderings in Invoere en Bruto Volksproduksie**

Jaar	Invoere	Bruto Volksproduksie (£ miljoene)	Jaar	Invoere	Bruto Volksproduksie (£ miljoene)
			1946	1947	1948
1946	103	54	1950	— 8	157
1947	85	71	1951	162 <sup>6</sup>	95
1948	53	78	1952	— 50	105
1949	62	90	1953	6	185

Die relatiewe grootte van die onderdele van bruto volksuitgawe gedurende die tydperk 1950-53 is ook beïnvloed deur die instelling van invoerbeheer, aangesien vergunnings meer vryelik vir die invoer van kapitaalgoedere en grondstowwe as vir verbruiksgoedere toegestaan is.

**DIE UITGAWE VAN DIE PRIVATE SEKTOR**

Die inkome- en uitgawetransaksies van die private sektor word in tabel XXXVIII C uiteengesit. Hieruit blyk dat private inkome bestaan uit (a) inkome verdien, hetsy uit werk of eiendom, en met insluiting van die onverdeelde winste van openbare maatskappye, en (b) inkome ontvang van openbare owerhede in die vorm van oordragbetalings, d.w.s. ontvangste waarvoor geen lopende dienste gelewer word nie, terwyl die uitgawekant van die tabel tussen die drie hoofposte onderskei, nl. (c) persoonlike verbruiksuitgawe, (d) belasting en ander betalings aan openbare owerhede, en laastens (e) private besparing.<sup>7</sup>

Volgens daardie tabel het private inkome van £691 miljoen in 1946, tot £1,405 miljoen in 1953, d.w.s. met 103.3 persent, toegeneem. Beskikbare inkome, d.w.s. private inkome minus belasting en ander betalings aan openbare owerhede, toon gedurende dié tydperk 'n kleiner verandering, nl. 98.7 persent, as gevolg van 'n swaarder direkte belastingslas wat van £72 miljoen in 1946 tot £175 miljoen in 1953, d.w.s. met 143.1 persent, toegeneem het.

'n Betekenisvolle verskuiwing het in die verhouding van verbruik en besparing tot private inkome gedurende die twee sub-periodes 1946-49 en

1950-53, plaasgevind. Persoonlike verbruuk het 82.5 persent van private inkome gedurende die tydperk 1946-49 en 76.4 persent gedurende 1950-53 beloop, terwyl die ooreenstemmende syfers vir private besparing 6.7 en 12.1 persent, onderskeidelik was.

**UITGAWE VAN DIE OPENBARE SEKTOR**

Tabel XXXVIII D gee 'n opsomming van die lopende inkome- en uitgawetransaksies van (a) die verskeie openbare owerhede, d.w.s. die Unie-regering, provinsiale administrasies en plaaslike besture en (b) die sogenaamde „Bestaansbeveiligingsfondse”, waaronder ingesluit is die Werkloosheidseversekeringsfonds, die Ongevallefonds vir die skadeloosstelling van werksmense en die fondse wat deur die Silikoseraad beheer word.

Opvallend is die styging in die totale inkome van die openbare owerhede, wat toegeneem het van £154 miljoen in 1946 tot amper twee maal dié bedrag, nl. £293 miljoen, in 1953, d.w.s. met 90.3 persent. Hier teenoor het die uitgawe van die openbare owerhede 'n baie kleiner toename getoon, t.w. van £162 miljoen tot £253 miljoen, d.w.s. 56.2 persent, gedurende dieselfde tydperk, en hierdie persentasie-verandering is ook baie minder as die ooreenstemmende verandering in die bruto volksuitgawe, nl. 99.9 persent. Hierdie betreklike klein persentasie-toename van openbare uitgawe is o.a. toe te skryf aan 'n relatiewe hoeë uitgawesyfer gedurende 1946 wat veral meegebring is deur betalings in verband met die afsluiting van die regering se oorlogspoging. In werklikheid het die openbare uitgawe vir elk van die drie jare 1947-49 minder as in 1946 bedra, maar vanaf 1950 was 'n toename in vergelyking met die syfer vir 1946 waarneembaar.

Die mees opvallende kenmerk van die rekeninge van die openbare owerhede is die sterk styging in die oorskot van lopende inkomste bo uitgawe, d.w.s. van £8 miljoen in 1946, tot £38 miljoen in 1953. Verder het die bydrae van die bestaansbeveiligingsfondse tot die openbare sektor se besparing gedurende hierdie tydperk ook aansienlik gestyg, t.w. van £1 miljoen tot £10 miljoen, sodat die openbare sektor as geheel in 1953 nie minder as £48 miljoen tot die finansiering van die Unie se kapitaalprogram bygedra het nie.

**DIE ROL VAN KAPITAALVORMING**

Uitvoerige syfers in verband met die Unie se binnelandse kapitaalvorming word in tabel XXXVII verskaf, terwyl tabel XXXVIII E die bronne vir die finansiering van kapitaaluitgawe uiteensit.

Gedurende die tydperk onder bespreking (1946-53) het binnelandse kapitaalvorming 'n groter invloed op die ekonomiese lewe as in die voor-oorlogse jare uitgeoefen. In sy kommentaar op die faktore wat verantwoordelik was vir die styging van die Unie se reële inkome gedurende die tydperk 1910-39, verklaar professor Frankel dat uitvoerbedrywigheid "has been the most fundamental factor determining

6. 1951 was die jaar waarin invoerbeheer tydelik verslap is.


7. Die private besparingsyfers word nie deur direkte skattings verkry nie, maar as 'n respos in die kapitaalrekening (tabel XXXVIII E).

the income standards of the Union in the past."<sup>8</sup> Hierdie stelling geld egter nie in dieselfde mate vir die na-oorlogse tydperk nie, aangesien die beskikbare syfers aangetoon dat die persentasie-aandeel van binnekantse kapitaalvorming gemiddeld 25 persent van bruto volksuitgawe beloop het, wat nie baie minder as die ooreenstemmende syfer van 30 persent in die geval van uitvoere is nie, sodat tenminste gedurende die tydperk 1946-53, produksie in die kapitaalgoederesektor van die ekonomie 'n belangrike plek saam met die Unie se uitvoerbedrywighede as 'n inkomstebbron vir die gemeenskap ingeneem het.

### DIE BESTANDDELE VAN KAPITAALVORMING

'n Aanduiding van die gedrag van die drie tipes van kapitaalvorming wat in tabel XXXVIII B onderskei word, t.w. (1) bou- en konstruksiewerke, (2) masjinerie en uitrusting, en (3) netto verandering in voorrade, asook van bruto vaste kapitaalvorming (wat gevind word deur die eerste twee poste bymekaar te tel) word in grafiek 1 gegee. Al die kurwes vertoon 'n sterk opwaartse neiging, behalwe die voorrade-kurve, wat 'n baie onbestendige verloop het. Negatiewe voorraadsyfers vir enige gegewe jaar dui op 'n uitputting van hoeveelheid voorrade voorhande, en dit beteken dat die voorrade-kurve na punte benede die horisontale as van grafiek 1 beweeg.

Grafiek 1 — Bruto Kapitaalvorming Volgens Tipe van Bate




Die aandele van die drie hoofsektore wat vir die totale kapitaalvorming verantwoordelik is, word grafies in grafiek 2 aangetoon. Die bydrae van openbare owerhede en openbare korporasies, d.w.s. semi-regeringsondernemings soos Eskom en Yskor, openbaar nie die hewige skommelings wat in die geval van die private sektor voorkom nie, waar, soos hierbo aangetoon is, skommelings in die beleg-

8. An Analysis of the Growth of the National Income of the Union in the Period of Prosperity before the War; Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese, Junie 1944, bls. 125.

ging in voorrade vir die opvallende onbestendigheid verantwoordelik is.

Grafiek 2 — Bruto Kapitaalvorming Volgens Tipe van Organisasie



### KAPITAALVORMING IN DIE OPENBARE SEKTOR

Bo en behalwe die stabilisasiemaatreëls wat die Unie-regering getref het om 'n meer ewewigte besteding van die inome van die gemeenskap as 'n geheel te weeg te bring, d.w.s. om te verhoed dat enige besondere onderdeel van die volksuitgawe te veel inbreuk maak op die totale aanbod ten koste van die ander kopers van die volksproduksie, het die regering ook 'n poging aangewend om deur middel van 'n beleid van konsolidasie wat gedurende die laaste twee jaar van die tydperk onder bespreking in werkig getree het, die tempo van kapitaalbesteding van die openbare sektor meer in ooreenstemming te bring met dié van die private ondernemings.

Syfers i.v.m. die persentasie-aandeel van private en openbare kapitaalvorming in die totale binnekantse kapitaalvorming gedurende die tydperk 1946-53 word in tabel IV verskaf.

Tabel IV.  
Persentasie-aandeel van Private en Openbare Kapitaalvorming in Totale Binnelandse Kapitaalvorming, 1946-53.

Jaar	Private Kapitaal-vorming %	Openbare Kapitaal-vorming %	Jaar	Private Kapitaal-vorming %	Openbare Kapitaal-vorming %
	Kapitaal-vorming %	Kapitaal-vorming %		Kapitaal-vorming %	Kapitaal-vorming %
1946	76.2	23.8	1950	61.9	38.1
1947	72.2	27.8	1951	76.7	23.3
1948	68.3	31.7	1952	57.8	42.2
1949	57.1	42.9	1953	56.8	43.2

'n Opwaartse neiging in die aandeel van die openbare sektor in totale kapitaalvorming is merkbaar vir die hele tydperk met die uitsondering van die twee jare 1950 en 1951, maar sedert 1952 het die openbare kapitaaluitgawe weer sy opwaartse neiging voortgesit, en sy persentasie-aandeel in totale kapitaaluitgawe het van 'n gemiddelde van 31.5 persent gedurende die tydperk 1946-49, tot 36.7 persent gedurende die tydperk 1950-53 toegeneem.

Die werklike bedrae wat aan sommige van die vernaamste kapitaalkemas van die openbare sektor gedurende die agjaar-periode 1946-53 bestee is, word in tabel V weergegee.

**Tabel V.**  
**Kapitaaluitgawe t.o.v. Sekere Openbare Ondernemings, 1946-53**  
(£ miljoene)

I. Vervoer :	
(i) S.A.S. en Hawense en Lugdiens .....	255
(ii) Konstruksie van paaie .....	49
(iii) Munisipale vervoer .....	6
Totaal .....	310
II. Elektriese krag :	
(i) Eskom .....	78
(ii) Plaaslike Besture .....	43
Totaal .....	121
III. Munisipale dienste (strate, dreinering en riolering) .....	90
IV. Verbindings (telefoon en telegraaf) .....	52
V. Watervoorsiening (besproeiing en municipale waterwerke) .....	39
VI. Behuisingskemas (Plaaslike besture en Nasionale Behuisingskommissie) .....	36
VII. Provinciale skole .....	26
VIII. Provinciale hospitale .....	9


Die uitbreiding van die Unie se vervoerfasiliteite was verreweg die duurste pos in die openbare sektor se kapitaalprogram, en vergelykenderwyse mag dit vermeld word dat die bedrag wat vir hierdie bepaalde doel gestem is hoër is as die rekordbedrag van £296 miljoen wat aan kapitaalvorming in die hele mynbedryf gedurende die na-oorlogse tydperk bestee is.

#### DIE VOORSIENING VAN FONDSE VIR BELEGGINGSDOELEINDES

Omtrent een-derde van die fondse wat vir die finansiering van die Unie se kapitaalvorming gedurende die tydperk 1946-53 benodig was, is deur die „buitelandse sektor“ voorsien, d.w.s. deur die toevloei van kapitaal vanaf die buiteland en die realisering van 'n gedeelte van die Unie se goud- en valutareserves, terwyl die res deur binnelandse spaarders bygedra is. Tabel XXXVIII E verskaf 'n indeling van die binnelandse besparingsyfer in private besparing, openbare besparing en waardeverminderingstoelaes, terwyl grafiek 3 aantoon in watter mate binnelandse besparing die buitelandse sektor as 'n bron vir die finansiering van bruto binnelandse kapitaalvorming sedert 1948 oorskadu het.

Een van die faktore wat 'n moontlike verklaring vir die onlangse styging in binnelandse besparings bied, is die uitwerking van invoerbeheer op die besteding van persoonlike inkomme. Soos vroeër gemeld, het invoerbeheer die neiging wat opmerklik was in die voor-kontrole-tydperk, naamlik dat verbruikers 'n groot gedeelte van die toename van hul

Grafiek 3 — Fondse vir Beleggingsdoeleindes



inkome op ingevoerde goedere bestee het, teengevolg. Dit het nie alleen die totale bedrag wat aan invoere bestee is beperk nie, maar invoere van kapitaalgoedere het voorkeur bo verbruiksgoedere geniet. Tot die mate waarin die vraag van verbruikers vir spesifieke invoere, soos byvoorbeeld passasiersmotorvoertuie, dus uitgestel moes word, en insoverre plaaslike leveransiers nie in staat was om die verskeidenheid goedere waaraan verbruikers gewoond geraak het te voorsien nie, het die moontlikheid bestaan dat dit tot 'n toename in persoonlike besparing sou lei.

Ander faktore in hierdie verband was die owerheid se beleid om rentekoerse gedurende die tydperk 1950-53 te verhoog, wat die sogenaamde klein besparings bevorder het; die Unie-regering se begrotingsbeleid, wat daarop gemik was om aansienlike bydraes uit die inkomste- na die leningsrekening te maak; die beklemtoning van self-finansiering deur openbare maatskappye, d.w.s. die aanwending van onverdeelde winste vir die finansiering van 'n gedeelte van hul kapitaalbehoeftes, en, ten slotte, die voorspoed van die boerderygemeenskap wat laasgenoemde in staat gestel het om groot bedrae uit hul lopende ontvangste vir kapitaalvormingsdoeleindes aan te wend.

#### DIE BESTANDDELE VAN PRIVATE BESPARING

Aangesien private besparing in die berekening van bruto kapitaalvorming en bruto besparing in tabel XXXVIII E as 'n respos verkry word, is die syfers wat onder hierdie hoof getoon word besonder onseker, en derhalwe ontstaan die vraag of die foutegrens in die berekening van die ander poste in die tabel nie so aansienlik is nie dat die residuale bedrag wat as private besparing aangetoon word die werklike syfer in 'n groot mate mag oor- of onder-skat.

Vir statistiese doeleindes kan private besparing in twee hoofdele verdeel word, t.w. (I) besparing deur persone, nie-wins-soekende liggeme, d.w.s. lief-

dadigheidsorganisasies e.d.m., en nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings, insluitende boere, en (2) besparings in die vorm van nie-verdeelde winste van maatskappye.<sup>9</sup> Eersgenoemde staan bekend as persoonlike besparing, en laasgenoemde as korporatiewe besparing.<sup>10</sup>

Die soort gegewens wat nodig sal wees vir 'n direkte berekening van private besparing word hieronder in tabel VI aangetoon, waarin 'n plussyfer onder enige van die hoofde wat na persone of nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings verwys 'n positiewe besparing sal aandui, d.w.s. byvoegings tot die bates of 'n afname in die laste in die gesamentlike balansstaat van die persoonlike sektor, terwyl minus-syfers ontsparing sal aandui, d.w.s. 'n vermindering in die bates of vermeerdering van die laste.

**Tabel VI.**

**Bestanddele van Private Besparing**

- I. **BATES VAN PERSONE EN NIE-GEÏNKORPOREERDE SAKE-ONDERNEMINGS :**
  - A. LIKWIEDE BATES
    - (i) Kontantgeld en onmiddellik opeisbare deposito's
    - (ii) Vaste- en spaardeposito's
    - (iii) Ander institusionele deposito's
    - (iv) Regeringseffekte
    - (v) Ander aandele en skuldbriefe
  - B. KONTRAKTUELE BESPARING
    - (i) Lewensversekering
    - (ii) Pensioenfondse
  - C. REËLE KAPITAALVORMING
    - (i) Voorrade :
      - (a) Landbou
      - (b) Ander, uitgesonderd landbou
    - (ii) Vaste kapitaalvorming :
      - (a) Konstruksie van woongeboue
      - (b) Uitgawe van boere op konstruksie, masjinerie en toerusting.
      - (c) Uitgawe van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings op konstruksie, masjinerie en toerusting
    - (iii) Minus waardeverminderingstoelaes ten opsigte van vaste bates
- II. **LASTE VAN PERSONE EN NIE-GEÏNKORPOREERDE SAKE-ONDERNEMINGS :**
  - A. Verbruikerskuld
  - B. Verbandskuld
  - C. Lenings en voorskotte van banke aan :
    - (i) Boere
    - (ii) Nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings
    - (iii) Individue
    - (iv) Kerklike, welsyns- en ander instellings

9. Kapitaalwinste of -verliese word nie in aanmerking geneem by die berekening van hierdie syfer nie.

10. Die rede waarom die besparings van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings ingesluit is by persoonlike besparings is dat die persoonlike rekeningen van individuele ondernemers gewoonlik nie van hul sakerekenings geskei kan word nie, sodat vir statistiese doeleindes dit wenslik is om hul persoonlike en sakerekenings te konsolideer.

**D. Makelaarslenings**

E. Ander netto uitstaande skuldbedrae van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings

**III. PERSOONLIKE BESPARING (I + II hierbo)**

**IV. KORPORATIEWE BESPARING**

**V. PRIVATE BESPARING (III + IV hierbo)**

Leemtes in die Unie se finansiële statistiek maak dit vooras nog onmoontlik om sulke direkte berekenings te maak, maar op grond van die beperkte beskikbare gegewens was die Statistiese Afdeling van die Bank in staat om voorlopige skattings van die drie hoofbestanddele van persoonlike besparing in die Unie vir 1953 te maak, nl. (1) Netto verandering in likwiede bates, £105 miljoen; (2) Reële kapitaalvorming, minus waardevermindering, £68 miljoen; en (3) Netto verandering in persoonlike laste, -£44 miljoen.<sup>11</sup> Korporatiewe besparing word op omtrent £40 miljoen geskat. Die voorlopige syfer vir private besparing vir die jaar 1953 wat volgens die direkte metode, soos hierbo uiteengesit, bereken is, verskil nie betekenisvol van die besparingsyfer wat as 'n respos in tabel XXXVIII E [pos 10 (a)] verkry is nie, maar as gevolg van die gebrek aan inligting aangaande al die verskillende onderdele van private besparing, mag die ooreenkoms tussen die twee totale toevalig wees.

**OPSUMMING EN GEVOLGTREKKINGS**

Die hoofpunte wat uit die voorgaande ontleding van die Unie se volksuitgawe gedurende die tydperk 1946-53 na vore kom, is die volgende :

1. As gevolg van die noue verband tussen toenames in die uitgawes van die Unie se inwoners en toenames in invoere, is die onewewigtigheid tussen totale vraag en aanbod wat deur die rekorduitgawe op verbruiks- en kapitaalgoedere gedurende die onmiddellike na-oorlogsjare veroorsaak is, weerspieël in baie groot negatiewe syfers vir dié onderdeel van die bruto volksuitgawe wat as „balans in lopende rekening“ bekend staan. Ten einde die inkome- en uitgawekant van die Unie se nasionale rekeninge te laat klop, is dit nodig om hierdie buitelandse tekorte wat gelyk is aan die bedrae waarmee binnelandse uitgawe die bruto volksproduksie of -inkome oorskry het, van die binnelandse besteding af te trek.

2. Die Unie se volksuitgawepatroon gedurende die tydperk 1950-53 is sterk beïnvloed deur die verskeie korrektiewe maatreëls wat deur die regering toegepas is om 'n toestand van benaderde ewewig tussen vraag en aanbod te verkry. Deur die verbreking van bogenoemde verband tussen 'n toename in binnelandse uitgawe en die hoër uitgawes op invoere wat gewoonlik daaruit voortspruit, en deur die grootte van die tekort in die lopende rekening van die betalingsbalans vir enige gegewe jaar te reël volgens die verwagte stand van die land se internasionale reserwes gedurende dié jaar, het invoerbeheer outomaties die bedrag waarmee die totale vraag die volksproduksie kon oorskry, aan bande gelê. Om

11. Inligting omtrent dié vorm van persoonlike besparing of ontsparing is baie ontoereikend.

dieselfde rede het die doelbewuste verligting van invoerbeheer in 1951 aanleiding gegee tot 'n groot toename in die bedrag van binnelandse uitgawe.

3. Invoerbeheer en ander maatreëls soos kredietbeheer het ook die vloeи van goedere na die twee hoofkopers van die volksproduksie beïnvloed, aangesien die bevrediging van die behoeftes van voorname kopers van kapitaalgoedere en grondstowwe voorrang bo dié van verbruikers geniet het.

4. Sedert die instelling van invoerbeheer het administratiewe besluite 'n regstreekse invloed op die grootte en die samestelling van die goederevloei, wat in die voor-kontrole-tydperk deur marktoestande bepaal is, gehad. Hierdie fundamentele heraanpassing van die markstruktuur het 'n belangrike sekondêre invloed uitgeoefen op verbruikersvoordeur en besigheidsverwagtings wat die twee basiese faktore is wat bepaal op welke wyse 'n land se volksinkome bestee sal word. Die invloed van invoer- en ander beheermaatreëls op volksuitgawe sal gevvolglik nie beperk wees tot die tydperk waarin hierdie beheermaatreëls geldig is nie, aangesien hul sekondêre uitwerking op verbruikers- en besigheidsgedrag, en dus op die volksuitgawepatroon, mag voortbestaan gedurende die heraanpassingsfase wat op die afskaffing van hierdie beheermaatreëls sal volg.

5. Die verbruikers se besluite aangaande die absolute bedrag van hul aankope, die indeling van laasgenoemde tussen plaaslike en ingevoerde goedere, asook watter deel van persoonlike inkome nie vir verbruiksdoeleindes gedurende die lopende tydperk aangewend sal word nie, d.w.s. persoonlike besparing, het baie sedert 1949 verander. Die beskikbare syfers duい op 'n kleiner persentasieverhouding van persoonlike verbruik tot bruto volksuitgawe, en 'n baie groter verhouding van private besparing tot private- en volksinkome gedurende die tydperk 1950-53, toe invoerbeheer in volle swang was, as gedurende die onmiddellike na-oorlogse jare. In die vroeиre tydperk (1946-49) is 'n toename in private inkome van £266 miljoen vergesel van 'n toename van £270 miljoen in persoonlike verbruiksuitgawe, en 'n afname van £74 miljoen in private besparing, terwyl die stygging van £488 miljoen in private inkome gedurende die latere tydperk (1950-53) vergesel is van 'n stygging van slegs £283 miljoen in verbruik en 'n stygging van nie minder as £132 miljoen in private besparing nie.

6. Vanuit die oogpunt van die verbruiker beskou, was toestande gedurende die tydperk 1950-53 in 'n mate soortgelyk aan die toestand wat gedurende die oorlogsjare bestaan het. Indertyd was invoere ook moeilik te bekom terwyl persoonlike inkome vinnig toegeneem het, met die gevolg dat private besparing 'n baie hoи peil bereik het. Nadat vrye toegang tot ingevoerde goedere weer herstel is gedurende die onmiddellike na-oorlogse jare, is die grootste gedeelte van persoonlike inkome aan verbruiksgoedere bestee, en dit het tot 'n drastiese afname in netto persoonlike besparing geleid. Tot die mate waarin invoerbeheer dus bygedra het tot uitstel van die vraag na verbruiksgoedere waarvoor daar geen

goeie plaasvervangers plaaslik bestaan het nie, het dit geneig om netto persoonlike besparing te vermeerder, maar ewe-eens is dit moontlik dat in die geval van die uiteindelike afskaffing van invoerbeheer daar 'n sterk toename in dié gedeelte van lopende private inkome wat vir verbruik aangewend word, ten koste van besparing, mag plaasvind. Nietemin is dit moontlik dat die globale vraag na goedere nie in dieselfde mate as in die periode 1946-49 die beskikbare aanbod van goedere sal oorskry nie, aangesien die gebrek aan ewewig gedurende hierdie vroeиre tydperk deur die gelyktydige uitbreiding in die vraag na verbruiks- en kapitaalgoedere veroorsaak was, terwyl die uiteindelike afname in die rekordbedrae wat in die na-oorlogse tyd aan kapitaalvorming bestee is die teenoorgestelde uitwerking sal hê, naamlik dat meer spelting gelaat sal word vir die bevrediging van enige latente vraag na verbruiksgoedere.

7. 'n Buitengewone hoи koers van kapitaalvorming is gedurende die periode 1946-53 gehandhaaf. Die gemiddelde jaarlikse kapitaalbesteding het teen heersende pryse £285 miljoen beloop, wat gelyk is aan 'n gemiddelde verhouding van bruto binnelandse kapitaalvorming tot bruto volksuitgawe of -produksie van nie minder as 25 persent nie. Vergelykbare syfers vir ander Westerse lande toon aan dat baie min lande die koers van kapitaalvorming bereik het wat in die Unie sedert die oorlog gehandhaaf is.

8. Invoerbeheer en ander korrektiewe maatreëls het 'n belangrike invloed op die peil van kapitaaluitgawe gehad, daar 'n afname in die persentasie-aandeel van hierdie bestanddeel van bruto volksuitgawe gedurende die tydperk 1950-53 na vore tree. Dit skyn egter asof dit veral een bestanddeel van kapitaalvorming, nl. voorrade, is wat vir hierdie ommeswaai verantwoordelik was. Die beskikbare gegewens toon dat die verhouding van totale voorraad voorhande tot die bruto volksproduksie sedert 1949 afgeneem het, alhoewel hierdie afwaartse neiging in die jaar 1951 tydelik onderbreek is toe invoerbeperkings tot 'n aansienlike mate verslap is. Vaste kapitaalvorming, d.w.s. uitgawe op konstruksie, installasie en toerusting, het egter gedurende die tydperk 1950-53 nog steeds 'n stygende neiging vertoon sodat die uitwerking van die verskillende beheermaatreëls nie was om, algemeen gesproke, besigheidsverwagtings baie onseker te maak nie, maar hierdie stelling geld nie in die geval van belegging van sake-ondernehemings in bedryfsbates nie, aangesien die Unie se voorradereeks sedert 1949 'n baie onstabiele voorkoms het.

9. Alhoewel 'n betekenisvolle gedeelte van die na-oorlogse kapitaaluitgawe aangewend is vir die ontsluiting van nuwe hulpbronne, soos die ontginning van minerale afsettings en die stigting van belangrike nuwe nywerheidsondernehemings bv. die produksie en raffinering van petrol en sy newe-produkte, is die grootste gedeelte gebruik om toevoegings te maak tot die bestaande materiële bronne van die land, veral t.o.v. vervoerfasilitate, woonhuise en kraginstallasies.

D. G. Franzsen.